NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Hervormer

November/Desember 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 7



Saam luister, saam praat, saam doen – ter wille van ons kleinkinders | 3



Die Kerk in beeld | 4-5



***Die* Advents- en Kersliedere in die VONKK-korpus | 7**



Stoepstories | 8

Die Hervormde Kerk en ’n spiritualiteit van hoop!

Dr Frikkie Labuschagne

2026 is die jaar waarin die 74ste Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) die narratief oor kerkwees doelbewus aangespreek het. Die Kommissie het gevra dat elke lidmaat sal meewerk om die verhale oor die Hervormde Kerk, oor sy of haar gemeente en oor wat dit beteken om ’n gelowige te wees, op ’n nuwe manier en met nuwe inhoud te vertel. Hoe klink die geloofsverhale van mense in wie se midde Jesus Christus (God met ons) self sy Kerk regeer? Getuig hierdie geloofsverhale van die geloof en hoop wat in ons leef?

Die inhoud van ons gesprekke moes verander. Die Kerk moes nuwe taal en begrippe aanleer om ’n nuwe narratief te vestig. Dit vereis dat ons dieper luister en met nuwe oë na die Kerk en die wêreld kyk waarin God met elkeen van ons op reis is.

Die inhoud van die gesprekke het inderdaad begin skuif:

- Van meting en prestasie na genade.
- Van konformisme en tradisionalisme na geloofsmoed en integriteit.
- Van bestuur, bevel en beheer na roeping en geloofsonderskeiding.
- Van doen en oorlewing na afhanklikheid.

Die roeping van die Hervormde Kerk is eenvoudig en laat geen ruimte vir misverstand nie: ***Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld***. Tog is ons altyd geneig om kerkwees te oorkompliseer! Die inhoud en trant van gesprekke en die energie wat die institusionele struktuur opeis, verdof dikwels die misterie en die intimiteit wat wel tussen Jesus en sy kerk bestaan.

Hoop is byna altyd op die toekoms gerig en daarin gesetel – in die verwagting dat môre beter, anders of makliker as vandag sal wees.

Hoop is egter vir die gelowige allereers die antwoord op alles wat God reeds volbring het en bied vanuit hierdie perspektief ’n nuwe lewensuitsig. Dit is vir die Hervormde Kerk, gemeentes en lidmate belangrik om te weet dat hoop in tye van ontwrigting en ontworteling altyd en allereers in Jesus Christus setel. Hy is die Here van ons lewens: *Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons* (Hand 17: 27[b]-28, AFR83). Hoop strek altyd veel dieper en wyer as wat nodig is om die *status quo* te verander. Hoop is veel meer as om dit wat in 2027 stukkend is, heel te maak.

Die Hervormde Kerk het ’n teologie en ’n spiritualiteit van hoop nodig om hierdie narratief te verander. Lidmate moet deur die geloof en vanuit die hoop leef.

> *Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig* (2 Kor 4: 16-18, AFR83).

Hoop lê ingebed tussen die genade wat daar in Jesus Christus, ons Here, is (sy lewe, kruisiging en opstanding) en die beloftes van God waarvan die Bybel oorloop (*Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld* – Matt 28: 20, AFR83). Jesus Christus is die bron en waarborg van die



sekerheid waarop die Hervormde Kerk en elke lidmaat se hoop berus.

Vanuit ’n verhouding van versoening en die verkondiging van die genade dat Jesus *God met ons* (Matt 1: 23, AFR2020) is, ervaar die gelowige hoop. Dit is ’n uitbeelding en openbaring van God se liefdevolle en persoonlike uitreiking na die mensdom. Hierin bereik God Homself – as God én mens deur die oorbrugging van die kloof tussen God en die mensdom.

Hoe verander jy ’n storie of die inhoud van ’n verhaal wat die Hervormde Kerk al eeue lank oor en oor vertel? Tot watter mate het die Hervormde Kerk se narratief met verloop van tyd verander? Om die narratief te verander, het lidmate en die Kerk nuwe gedrag, taal en begrippe nodig. Om ’n verhaal te *herskryf*, moet die gelowige sy of haar daaglikse gewoontes en leefstyl verander. Daar kan selfs outomatiese gedragspatrone wees wat die gelowige verhinder of terughou om ’n nuwe rol in ’n nuwe narratief te vervul. Om ’n narratief te verander, moet ons verhaalredigering (*story editing)* doen!

Die volgende vrae kan elke gemeente help om te onderskei waarmee die gemeente in 2026 werklik besig was:

- Wie was werklik die *hoofkarakter* in en tydens ons vergaderings: die Kerk, ons voortbestaan of die teenwoordigheid van God in en deur sy Woord en Gees?
- As ’n buitestander ons agendas en notules van 2026 sou lees, sou dit lyk soos dié van ’n geloofsgemeenskap wat op ’n lewende God vertrou?
- Waar het ons God se genade in 2026 werklik beleef? Hoe en waar deel ons hierdie geloofsverhale met ander gelowiges?
- Kan die gemeente oomblikke identifiseer waartydens God iets verrassends buite *ons* planne om gedoen het?
- Watter patrone sien ons in ons gemeente se welstand ten opsigte van geloof, gebed, roeping en gawes?

Die hoop beskaam nie, omdat dit altyd in die liefde van God gegrond is. Hoop het in en deur Immanuel na hierdie wêreld gekom. Hoop het deur die genade ook die Hervormde Kerk se deel geword. Mag hierdie hoop ons lewens deurspoel en in en deur elke gemeente leef.

Ek bid dat Jesus, ons Here, die Hervormde Kerk se lewe in 2027 met hoop sal vul. Mag ons geloofsverhale altyd van die goedheid en deernis van ons Here getuig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees. Amen (2 Kor 13: 13, AFR83).

(Dr Frikkie Labuschagne is lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, SGB, dosent en leraar van Gemeente Rust der Winter)

Misterie...

Ds David Barnard

Die Dunning-Kruger-effek is 'n kognitiewe vooroordeel wat beskryf hoe individue met beperkte kennis hulle eie vermoëns oorskat.

As jong predikant was dit my strewe om alles wat op my tafel land, of dit die Kerk se administratiewe uitdagings, die lewensverhale van lidmate – positief of negatief – of vakwetenskaplike inligting was, ten volle onder die knie te kry. Die oomblik wanneer verhale of inligting sin gemaak het, kon ek dit inneem en my eie maak. Wat bekend is, word bemind, en wat verstaanbaar is, word dalk beheerbaar.

Die jare het my geleer dat sekere dinge nooit volledig verstaan kan word nie. Mense se verhale daal byvoorbeeld na dieptes waar ons beperkte woordeskat nie meer voldoende is om begrip te toon of die een wat na hulp smag, aan te raak nie. Ongeag hoe geletterd of gevorderd in jare én wysheid ons ook al is, daar bestaan geheimenisse wat nooit volledig oopgebreek kan word nie. Op ons beste kan ons slegs daaroor verleë staan.

Die Duitse teoloog Rudolf Otto het hierdie beperkte verstaan gekoppel aan die kompleksiteit van God se wese. Hy het die begrip *Ganz Andere* gebruik om sy eie beperkte begrip te beskryf. Ná hom het die bekende Karl Barth dikwels daarna verwys. *Ganz Andere*: Een wat nie met beperkte woordeskat en wetenskaplike metodes volledig omskryf of verklaar kan word nie; een wie se diepte nooit bepaal kan word met menslike gereedskap nie. Barth sê ons kan God se genade nooit bereken of volledig beredeneer nie. Die geheim is dat God, onverdiend, ons vriend en ons broer geword het. Die geheim word nie noodwendig volledig oopgevlek nie, dit word gerespekteer. Selfs na deeglike navorsing en eksegese bly die misterie van God se genade bestaan.

Hierdie ganse andersheid van God word treffend deur die apostel Paulus saamgevat wanneer hy skryf: *O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurbaar sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken? Of wie het as sy raadsman opgetree? Of wie het eers gawes aan Hom gegee, vir wie Hy dit sou moes vergoed? (*Rom 11: 33-35, AFR2020).

Die aanhaling uit Paulus se doksologie of lofprysing dui daarop dat mense se kennis van God se persoon, sy handelinge en sy betrokkenheid by ons lewens, beperk is. Ons ken maar ten dele. René Descartes het gesê dat eindige wesens soos ons die oneindige God kan waarneem, maar nooit sy volle oneindigheid nie. Dit is dus gepas om beskeie te wees.

Met ons gedeeltelike kennis staan ons dan soms verstom oor die dinge wat op ons pad kom, of die verwagtinge wat ons koester wat nie altyd realiseer nie. Wanneer ons terug kyk oor 'n jaar wat verloop het, soos wat ons tipies in hierdie dae doen, 'n jaar met ware uitdagings, gevoelige slae en vreemde gebeure wat nie altyd bevredigend verklaar kan word nie, maar tog 'n diepgaande uitwerking op ons lewe gehad het, is gewoon om hierdie gevoel van onvolledigheid en gedeeltelikheid te beliggaam.Ons verstaan nie altyd waarom die lewe verloop soos dit verloop nie. Ons verstaan nie altyd dat die Here is wie die Here is nie. Hierdie beperkte vermoë gee inhoud aan die term *Ganz Andere*.

Ons bevind ons voorts, aldus die kerklike jaar, in die tyd waarin ons gereedmaak om die geboorte van ons Here Jesus Christus te vier. Die gans Andere wat gans anders opgetree het deurdat Hy ons wêreld met hoop, lig en liefde betree het. Ons verstaan die geboortetoneel en ken dit van kindsbeen af goed: die krip, herders, sterrekykers, moeder en vader. Ons verstaan die besonderhede wat in die evangelies vir ons geskets word redelik goed. Ons begrip blý nietemin beperk. Dit kan nooit die volle omvang en die diepte van God se liefde deur Jesus Christus vasvang in menslike begrippe en woorde nie. Ons kan daarom en om ander redes nie anders as om na die geboorte van ons Here Jesus te verwys as 'n misterie nie. Die heerlike hiervan is dat ons sonder twyfel kan sê daar skuil meer agter die geboorte as wat ons weet. Daar is groter inhoud en betekenis daarin.

Ons nader die Advent- en Kerstyd met die wete dat ons steeds maar net aan die oppervlakte van God se wese raak. Die geboorte van Jesus en alles wat ons daarvan weet, kan nooit die volle omvang van God se genade beskryf nie. Kom ons deel in die opgewondenheid dat daar soveel meer is om te ontdek en ontgin. Ons kan in hierdie dae ons eenvoudig oorgee aan die vrede wat daarmee gepaardgaan.

'n Onbekende skrywer het na aanleiding van Efesiërs 3: 18 en 19 geskryf: *Om die breedte en lengte en diepte en hoogte te leer ken, die volle liefde van Christus, is om 'n roos te sien oopgaan in die oggendson. Vra jy vir iemand hoe dit gebeur, is die antwoord: 'Die roos is gebore in die lig en die lug, uit die wortels en die grond, uit die sap en die blare.'*

Vra jy ook: *Wie sorg vir die lig en die lug, die wortels en die grond, die sap en die blare?,* is die antwoord: *God en God alleen*. Wie meer vra, vra dalk te veel. Dit is 'n misterie wat ons ervaar in die heerlikheid van gebed en bepeinsing, 'n gewaarwording van 'n soet geur, soos die van 'n roos.

Uit die Woord

Die Verlosser word gebore!

Toe sê die engel vir hulle: 'Moenie bang wees nie. Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal wees: Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here' (Luk 2: 10-11, AFR2020).

Daardie nag in Bethlehem
klink die blye engelstem:
"Ere aan God, sing ere aan Hom!
Jesus, Verlosser, Hy het gekom!"

Daardie Kindjie is die Heer.
Seun van God, ons sing u eer.
Soos die herders buig ons die knie;
soos die wyses kniel ons voor U.

Hierdie Kindjie sal regeer.
Voor sy troon buig eng'le neer.
Hy sal ewig Koning wees –
daarom sal sy volk hul verheug.

Van die krip tot voor die troon
– daar waar ons voor U sal woon –
hoor ons lied, o God die Seun:
Ons aanbid net U alleen!

(VONKK 313: 1-4)

Oordenking

Ek wag op die Here

Ds Gerhard Stoltz (Westonaria, sekretaris vir die Komitee vir Diakonaat)

Lees: Psalm 130

Advent bestaan omtrent nie meer nie. Waar November in die verlede die tyd was wat die handelswêreld se Kersfeesaanbiedinge begin het, het November nou Swart Vrydag-maand geword. Teen einde November of baie vroeg Desember het die meeste gemeentes reeds hulle Kerssangdienste gehad. En tussen Kersfees en Nuwejaar begin die terug-skool-toe-winskope. Daar is net nie meer tyd vir Advent nie. Gelukkig is Advent nie so belangrik nie... of is dit?

Advent is bedoel om 'n tyd van afwagting te wees – afwagting op die koms van die Messias. Vir eeue het die Israeliete gewag op die koms van die Messias, die Gesalfde, die Verlosser. Vir eeue het hulle op uitkoms gehoop. Ander volke het oor hulle regeer. Hulle is in ballingskap oor die wêreld verstrooi. Hulle moes hoë belastings betaal en groot opofferings maak. Hulle is meegesleur deur die maalkolk van die wêreld se politiek. Hulle het in 'n gat beland waar hulle self nie kon uitkom nie. Daarom het hulle gesmag na die Één wat sou kom om hulle te verlos.

Vandag verstaan baie van ons iets van hierdie smagting na verlossing – verlossing uit 'n diep gat waaruit jy self nie kan kom nie: Die bejaarde wie se liggaam nie meer wil saamwerk nie en wat sy of haar waardigheid moet prysgee. 'n Kind wat mishandel word. Die man of vrou wat nie kos het om te eet nie, of 'n bed om in te slaap nie. Die een wie se siekte nie genees kan word nie. Die een wie se liggaamsdele nie meer behoorlik funksioneer nie. Die een wat in die diep gat van verslawing geval het. Die vrou wat in vrees leef vir die man wat vir haar lief behoort te wees.

Hierdie mense weet iets van die smagting na verlossing...

Die digter van Psalm 130 sê: *Uit die dieptes roep ek na U, Here* (Ps 130: 1, AFR2020). Daardie dieptes is baie meer as net 'n gat. Dit is daardie plek waaruit jy jouself nie kan red nie. Daar waar jy net een hoop oor het, en dit is dat die Here jou sal verlos. In daardie diepte voel dit asof God jou verlaat het, maar jy hoop dat Hy jou tog sal help. *My Heer, hoor tog my stem...* (Ps 130: 2, AFR2020).

As U sondeskuld toereken, Here – my Heer, wie kan dan staande bly? (Ps 130: 3, AFR2020).

Die psalmdigter skryf sy hopelose situasie toe aan sy sonde – terwyl hy bely dat God sonde vergewe. Ná Jesus se offerdood weet ons: God vergewe ons sonde. Jesus het die volkome offer gebring om ons te verlos. Tog is dit verstommend hoeveel van ons, wanneer ons wanhopig in die dieptes is, wonder vir watter sonde ons gestraf word. En dit is menslik – ons soek die skuld voor ons eie deur.

Tog is dit hartseer hoe gereeld gelowiges nie ander vergewe soos God ons vergewe nie. Ons veroordeel dikwels: *Dis sy eie slegtigheid... Dis haar eie skuld... Hulle moet met hulle besluite saamleef!* Een van ons gunstelinguitsprake wanneer ons ander veroordeel is: *Party sondes word dadelik gestraf!*

En tog, God het ons nie geroep om te oordeel nie, maar om lief te hê. Hy het ons nie geroep om dié wat geval het, en wat hoop dat iemand hulle sal optel, verder te vertrap nie. Hy het ons geroep om sy hande en voete te wees.

Ek wag op die Here; my hele wese wag, en op sy woord vestig ek my hoop (Ps 130: 5, AFR2020).

Mag ons weer tyd maak vir Advent. Mag ons weer onthou hoe dit voel om te wag, te hoop op God se uitkoms. En mag ons, wanneer ons ander se stemme uit die diepte hoor roep, wanneer ons hulle hande sien wat deur die vloedwater meegesleur word, ons hande na hulle uitsteek.

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het... (Joh 3: 16, AFR83). Mag ons, sy kinders, die wêreld net so liefhê!

Saam luister, saam praat, saam doen – ter wille van ons kleinkinders

Dr Hannes Janse van Rensburg

Kom ons verbeel ons ons kom Sondagoggend by die kerk aan. Soos elke Sondag het ons die bekende pad na die kerk gery. Ons gewone roetine is om die mense by die deur te groet en dan die kerkgebou binne te stap. Maar hierdie Sondag is anders. Teen die hek hang 'n groot kennisgewing: *Gemeente het toegemaak.*

Ons gaan staan en lees dit weer. Wat beteken dit? Hoe het dit gebeur? En dan kom die vraag wat moeiliker is om te antwoord: Wat sal ek mis? Die eredienste, die nagmaal, die bekende gesigte, die saamsing en saam bid, die gesprekke ná die diens? Die mense wat saam met my deur moeilike tye gestap het? Die plek waar ek my kinders laat doop het en waar ons geliefdes se lewens aan God se genade toevertrou is?



Maar daar is nog 'n vraag: Wat sal die gemeenskap mis? Wie sal na die mense omsien wat swaarkry? Waar sal kinders van die evangelie hoor? Wie sal hoop bring waar mense moed verloor het? Wie sal 'n stem van versoening laat hoor in 'n stukkende gemeenskap? Dit is ongemaklike vrae. Tog is dit vrae wat ons nie langer kan uitstel nie. Dit gaan immers nie net oor die voortbestaan van 'n gemeente nie. Dit gaan oor die roeping van die kerk en oor die erfenis wat ons aan ons kinders en kleinkinders wil nalaat.

In sy artikel in *Blitspos* (27 September 2026), *Samewerking ter wille van ons kleinkinders*, wys ds Colin Hertzog op die noodsaaklikheid van samewerking. Hierdie gesprek verdien om verder gevoer te word. Hoe beweeg ons van die besef dat ons uitdagings saam moet aanpak, na die bereidheid om dit inderdaad saam te doen? Ek wil drie gedagtes voorstel: saam luister, saam praat, en saam doen.

Saam luister: Om te verstaan voordat ons antwoord

Ons is dikwels vinnig om te antwoord. Ons het klaar 'n mening wanneer iemand anders nog besig is om sy of haar verhaal te vertel. Ons hoor die woorde, maar verstaan nie altyd die waarheid daaragter nie. Dit gebeur ook in die Kerk.

Gemeentes se omstandighede verskil. Sommige het nog genoeg lidmate, finansiële middele en leiers om hulle bediening met vertroue voort te sit. Ander worstel met dalende lidmaattalle, finansiële druk en toenemende verantwoordelikhede. Daar is gemeentes wat bekommerd vra hoe hulle die toekoms gaan hanteer, terwyl ander wonder of samewerking nie uiteindelik hulle identiteit gaan bedreig nie.

Al hierdie stemme verdien om gehoor te word. Ons moet kan luister sonder vooroordeel, sonder om ons eie oplossing op almal af te dwing en sonder om te aanvaar dat ons reeds al die antwoorde het. In die begeleiding van gemeentes leer ons telkens hoe belangrik dit is om ruimte vir eerlike gesprek te skep. Agter weerstand lê daar soms vrees. Agter die behoefte om dinge te behou, lê daar dikwels 'n kosbare verhaal van geloof, opoffering en verbondenheid. Ons moet daardie verhale hoor voordat ons oor verandering praat.

Luister vra ook dat ons eerlik na die post-Christelike werklikheid om ons kyk. As ons die toekoms van die Kerk ernstig opneem, moet ons bereid wees om te onderskei hoe God deur sy sending, die *Missio Dei*, reeds in die wêreld werk.

Saam praat: Ons moet die toekoms eerlik bespreek

Wanneer ons begin luister, ontstaan daar ruimte om saam te praat. Nie net oor wat ons verloor het nie, maar oor wat moontlik is. Nie net oor hoe ons die verlede kan behou nie, maar oor hoe ons die evangelie in die toekoms geloofwaardig kan uitleef. In my artikel, *Wanneer die lig stilletjies dowwer word* (April 2026), het ek geskryf oor die gevaar dat 'n gemeente steeds kan funksioneer, terwyl haar roepingsbewustheid geleidelik verdof. Die kerkraad vergader, die programme gaan voort en die begroting word bestuur. Tog kan ons so besig raak om bestaande bedieninge in stand te hou dat ons nie meer genoegsaam vra wat God se wil is nie.

Die tekort aan predikante maak hierdie gesprek dringend nodig. Ons kan nie eenvoudig aanvaar dat elke gemeente altyd op dieselfde manier deur 'n predikant bedien sal word nie. Ons moet praat oor die opleiding en begeleiding van predikante, die ontwikkeling van lidmate se gawes, gedeelde bedieningsverantwoordelikhede en nuwe maniere om bediening en diens te organiseer. Ons moet ook praat oor finansies, geboue, kategese, eredienste en die gebruik van ons gesamentlike hulpbronne. Dit is nie bloot administratiewe sake nie. Dit raak die vraag of ons ons roeping in die gemeenskappe waar God ons geplaas het, volhoubaar kan uitleef.

Hierdie gesprekke sal nie maklik wees nie. Daar sal verskille wees. Sommige sal verandering as noodsaaklik beskou, terwyl ander versigtig sal wil beweeg. Ons moet ruimte laat vir albei. Maar ons mag nie toelaat dat ons verskille die gesprek onmoontlik maak nie. Die belangrike vraag is nie bloot: Hoe hou ons alles aan die gang nie? Die vraag is: Wat vra God nou van ons, en hoe kan ons mekaar help om daarop te antwoord?

Saam doen: Die gemeenskaplike doel is belangriker as ons voorkeure

Dan kom daar 'n tyd wanneer ons verantwoordelike besluite moet neem en saam moet optree.

Die Algemene Kerkvergadering se besluit oor moontlike reaksies op die Kerk se uitdagings, soos dit in die voorafgaande gesprek beskryf word, plaas belangrike moontlikhede op die tafel: sinergie, samewerking, samesmelting en selfs ontbinding. Hierdie woorde kan weerstand oproep, want dit raak aan ons bekende manier van kerkwees. Tog behoort ons nie die moontlikhede vooraf af te wys bloot omdat dit anders lyk as waaraan ons gewoond is nie.

Sinergie beteken dat ons mekaar se gawes en hulpbronne só aanvul dat die gesamentlike bediening meer kan beteken as wat ons afsonderlik kan bereik. Samewerking beteken dat gemeentes verantwoordelikhede en geleenthede deel. Samesmelting kan in bepaalde omstandighede 'n nuwe gemeentelike werklikheid skep. En soms moet ons die moed hê om te erken dat 'n bestaande struktuur nie meer volhoubaar of dienstig is nie en dat ontbinding ruimte vir 'n ander vorm van bediening kan skep.

Geen enkele oplossing sal vir elke gemeente reg wees nie. Daarom is onderskeiding nodig. Maar ons moet die moontlikhede beoordeel aan die hand van ons gemeenskaplike roeping, nie bloot aan die hand van ons persoonlike voorkeure nie. Ons is immers nie die eienaars van die Kerk nie. Ons is deel van die geloofsgemeenskap wat aan Christus behoort. Ons het die evangelie ontvang om dit te verkondig, uit te leef en aan die volgende geslag oor te dra.

Dit beteken dat ons minder krampagtig aan die verlede moet vasklou. Ons geskiedenis verdien waardering. Ons tradisies dra kosbare herinneringe. Maar ons moet onderskei tussen die evangelie waaraan ons getrou wil bly en die historiese vorme waarin ons dit tot dusver bedien het. Om getrou te bly, beteken nie dat alles onveranderd moet bly nie. Soms vra getrouheid juis dat ons anders begin dink en doen.

Dit vra dat ons saam nuwe bedieningsmodelle ontwikkel, verantwoordelikheid deel en lidmate toerus om hulle gawes in diens van die evangelie te gebruik. Ons moet nie net vra hoe ons die bestaande bediening kan beman nie, maar hoe ons saam kan verseker dat mense steeds die evangelie hoor en pastorale sorg ontvang.

Kom ons keer terug na daardie kennisgewing by die kerkhek: *Gemeente het toegemaak*. Miskien sal ons eendag moet erken dat 'n bepaalde gemeente nie meer in sy bestaande vorm kon voortgaan nie. Dit sal hartseer wees. Daar is verhale, herinneringe en mense aan elke gemeente verbind. Ons mag nooit ligtelik daaroor praat nie. Maar die sluiting van 'n gemeente hoef nie die einde van haar roeping te beteken nie. Die belangrike vraag is wat daarna gebeur. Het ons saam gesoek na ander moontlikhede? Het ons die mense en die gemeenskap bly dien? Het ons die moed gehad om verantwoordelik op te tree toe die bekende nie meer volhoubaar was nie?

Ons kleinkinders gaan nie net belangstel in hoeveel kerkgeboue ons behou het nie. Hulle gaan ook wil weet of ons die evangelie aan hulle oorgedra het, of ons mekaar gedra het en of ons bereid was om ter wille van die groter roeping saam te werk. Die toekoms van die NHKA sal nie deur strukture alleen bepaal word nie. Dit sal ook gevorm word deur ons bereidheid om te luister, eerlik te praat en verantwoordelik saam te doen.

Ons hoef nie vandag al die antwoorde te hê nie. Ons moet wel bereid wees om sonder aarseling ernstige aandag aan sinergie binne die Kerk te gee. In 'n volgende artikel sal meer uitgebreid hieroor gesels word. Ons sal dan kyk na praktiese voorbeelde van samewerking, samesmelting en ontbinding in die Kerk.


(Dr Hannes Janse van Rensburg is leraar van Gemeente Zuurfontein)


















Om te adverteer of af te
kondig...
Stuur gerus 'n W na
084 589
HK




GOD
MET
ONS



Goud & Silwer









50
© Arend Muller















THE TEMPLE BAR


Galaxy A57 5G
06 August 2026 18:56











In gesprek met prof Johan Buitendag

Dr André Ungerer

Dr André Ungerer het namens *Die Hervormer* 'n paar vrae aan prof Johan Buitendag oor sy nuutste boek, *Van heerskap na gemeenskap,* gestel.

Dr André Ungerer (AU): Jy was predikant, professor, dekaan en moderator. Waarom het jy besluit om hierdie boek juis nou te skryf?

Prof Johan Buitendag (JB): Ek beskou hierdie boek as die samevatting van 'n lewenslange gesprek. Vir meer as vier dekades het ek nagedink oor die verhouding tussen God, mens en aarde. Gedurende daardie tyd het die wêreld ingrypend verander. Ons leef vandag met klimaatsverandering, verlies aan biodiversiteit, toenemende sosiale ongelykheid en 'n groeiende gevoel van onsekerheid oor die toekoms. Die vraag wat my al hoe meer besig gehou het, is nie óf geloof nog relevant is nie, maar watter soort geloof vandag geloofwaardig is.

Ek wou egter nie nog 'n akademiese boek skryf nie. Hierdie boek is bedoel vir gewone lesers. Dit is geskryf vir mense wat bekommerd is oor hul kinders en kleinkinders se toekoms; vir mense wat wonder hoe geloof hulle kan help om sin te vind in die uitdagings van ons tyd; en vir mense wat vermoed dat die Christelike geloof meer te sê het oor die wêreld as net wat op Sondae in die kerk gebeur.

Die boek is daarom nie bloot 'n teologiese argument nie. Dit is 'n persoonlike rekenskap van hoe my eie verstaan van God, mens en skepping oor die jare gegroei het. Indien die boek iets regkry, hoop ek dat dit lesers help om met nuwe oë na hul plek in God se skepping te kyk.

AU: Die titel, *Van heerskap na gemeenskap,* is opvallend. Wat bedoel jy daarmee?

JB: Die titel verwoord die hart van die boek. Eeue lank het Christene dikwels die skeppingsopdrag verstaan asof die mens bo die res van die skepping staan. Vorige vertalings van Genesis 1: 28 het dit uitgelê asof die mens die aarde moet onderwerp en daaroor moet heers. Soms het dit die indruk geskep dat die aarde slegs daar is om tot voordeel van die mens gebruik en selfs uitgeput te word.

Ek meen ons moet die Bybelse boodskap anders lees. Die mens is uniek, maar nie alleen nie. Ons bestaan binne 'n netwerk van verhoudings. Ons leef van die aarde se vrugbaarheid, water, lug en energie. Ons bestaan saam met ander mense en ander lewende wesens. Ons is nie die eienaars van die skepping nie; ons is deelnemers daarin.

Wanneer ek van *gemeenskap* praat, bedoel ek nie bloot 'n vriendeliker manier van saamleef nie. Ek bedoel 'n fundamenteel ander verstaan van die werklikheid. Ons identiteit word nie gevorm deur wat ons beheer nie, maar deur die verhoudings waarbinne ons leef. Dit geld vir ons verhouding met God, met ander mense en, natuurlik, met die aarde self.

Vir my is dit die groot uitdaging van ons tyd: om weg te beweeg van 'n kultuur van oorheersing na 'n kultuur van verbondenheid.

AU: Sommige mense meen die kerk behoort oor geloof te praat en nie oor die omgewing nie. Waarom sien jy die ekologiese krisis as 'n geloofsaak?

JB: Omdat die Bybel die skepping nooit as iets los van God verstaan nie. Die natuur is nie bloot die dekor waarteen die menslike drama afspeel nie. Dit is die ruimte waarin God se teenwoordigheid en sorg sigbaar word.

Wanneer riviere besoedel word, woude verdwyn of gemeenskappe deur droogtes en oorstromings geteister word, kyk ons nie bloot na omgewingsprobleme nie. Ons kyk na gebroke verhoudings. Die lyding van die aarde en die lyding van mense hang dikwels nou saam.

Dit is waarom ek in die boek verwys na die noue verband tussen wat soms *groen ekologie* en *bruin ekologie* genoem word. Groen ekologie fokus op die natuurlike omgewing; bruin ekologie op menslike nood en ongeregtigheid. Die twee kan nie van mekaar geskei word nie. Die kreet van die aarde en die kreet van die armes is dikwels dieselfde kreet.

Daarom behoort die kerk nie stil te bly nie. Nie omdat die kerk politieke oplossings moet voorskryf nie, maar omdat die evangelie ons oproep tot verantwoordelikheid, geregtigheid en hoop. Om ons naaste lief te hê, is uiteindelik ook om die natuur lief te hê.

AU: Dit is moeilik om die boek in 'n spesifieke genre te plaas. Hoe sou jy dit self beskryf?

JB: Die lewe self bestaan nie uit een register nie. Ons leef terselfdertyd as gelowiges, landsburgers, ouers, grootouers, kinders en bewoners van 'n brose planeet. Daarom wou ek nie 'n boek skryf wat in slegs een toonsoort gehou is nie.

Ek sou die boek beskryf as die verhaal van 'n lewenslange nadenke oor geloof, wetenskap en die aarde. Dit is outo-etnografies – 'n vermenging van teologie, spiritualiteit en kultuurkritiek. Dit bevat persoonlike herinneringe, gesprekke met groot denkers, teologiese argumente en ervarings in die kerk, maar bowenal verwondering oor die misterie van die lewe self.

Vir my is dit nie verskillende temas nie, maar verskillende vensters op dieselfde werklikheid. Die wêreld laat hom nie in waterdigte kompartemente verdeel nie. Daarom hoef ons ook nie geloof, wetenskap en ekologie van mekaar te skei nie. Die uitdaging is juis om die onderlinge samehang raak te sien en met mekaar in gesprek te tree.

AU: In die outeursnota word dit duidelik dat hierdie boek vir jou meer as 'n akademiese projek was. Hoe persoonlik is hierdie boek vir jou?

JB: Baie persoonlik.

Ná 'n leeftyd in die akademie het ek geleer dat die belangrikste insigte selde net uit boeke kom. Hulle ontstaan uit ontmoetings, uit vreugde en teleurstelling, uit verlies en dankbaarheid. Teologie word nie in 'n vakuum beoefen nie; dit groei binne die werklikheid van 'n mens se lewe.

Die boek dra spore van my eie reis. Daar is die invloed van my ouers, kollegas, studente en vriende. Daar is herinneringe aan plekke wat my gevorm het en mense wat my anders laat dink het. Daar is ook die ervaring van verlies, eindigheid en die groeiende besef dat die lewe 'n gawe is wat aan ons geleen word.

In die outeursnota probeer ek erkenning gee aan hierdie mense en ervarings. Ek wou eerlik wees daaroor dat die idees in die boek nie uit die lug geval het nie. Hulle het oor dekades heen gegroei. Daarom is die boek in 'n sekere sin nie 'n suiwer teologiese werk nie, maar ook 'n deurleefde *memoir*.

Ek hoop lesers sal iets van hul eie lewensreis daarin herken. Die doel is nie om finale antwoorde te gee nie, maar om mense uit te nooi om saam oor die betekenis van geloof in ons tyd te dink en te besin.

AU: Die omslag van die boek trek onmiddellik die aandag. Vertel ons iets daarvan.

JB: Die foto op die omslag het ek self in Junie 2026 by San Damiano, naby Assisi, geneem tydens 'n week van afsondering waarin die manuskrip sy finale beslag gekry het. Hierdie plek het 'n besondere rol in die lewe van Franciskus van Assisi gespeel. Dit was hier waar hy omstreeks 1205 voor die kruisbeeld gebid het en die roeping ontvang het om God se huis te herbou. Aanvanklik het hy dit letterlik verstaan en die vervalle kerkie begin herstel. Eers later het hy besef dat die opdrag veel dieper strek: dit gaan oor die vernuwing van die kerk en haar getuienis in die wêreld.

San Damiano was ook die plek waar Klara en haar susters



hulle gevestig het. Aan die einde van sy lewe is Franciskus, siek en byna blind, daar deur hulle versorg. Dit was juis in hierdie tyd van fisieke broosheid dat hy die grootste deel van sy beroemde *Loflied van die Skepping* geskryf het. Daarin spreek hy die hele skepping as familie aan: *Broeder Son*, *Suster Maan*, *Broeder Vuur* en *Suster Moeder Aarde*. Sommige van die laaste verse is kort voor sy dood by die Porziuncola, die plek waar hy in Oktober 1226 gesterf het, bygevoeg – presies 800 jaar gelede.

Die simboliek van die omslag is vir my belangrik. Die olyfbome herinner aan die aarde en die skepping. Die rooi rose verwys na die tradisie van Franciskus se geestelike worstelinge en die bloed van sy wonde. Die kleur van die omslag is doelbewus olyfkleur. Ons praat dikwels van groen ekologie, wat oor die natuur handel, en bruin ekologie, wat oor sosiale geregtigheid en menslike nood handel. Wanneer groen en bruin vermeng word, ontstaan olyfkleur. Vir my simboliseer dit die oortuiging dat die kreet van die aarde en die kreet van die mens uiteindelik dieselfde kreet is.

Die standbeeld op die omslag staan met oop hande asof dit die rose aanbied. Daarom is dit vir my meer as net 'n illustrasie. Dit is reeds die uitnodiging van die boek: om weg te beweeg van heerskap wat so maklik in baasskap kan ontaard en eerder te ontdek wat dit beteken om deel te wees van 'n gemeenskap van lewe voor God. Heerskap verdeel; gemeenskap verbind. En dit is die kernboodskap van die boek.

AU: Wat hoop jy sal jou lesers uit die boek neem?

JB: Ek hoop hulle sal anders leer kyk.

Anders na God, anders na hulself en anders na die aarde. Ek hoop hulle sal ontdek dat geloof nie kleiner word wanneer ons die uitdagings van ons tyd ernstig opneem nie. Inteendeel, geloof word dikwels ryker wanneer dit ons help om die diepte van ons verbondenheid met die wêreld raak te sien.

As lesers ná die lees van die boek die skepping minder as besitting en meer as gawe kan sien, sal ek dankbaar wees. Indien hulle die mens minder as heerser en meer as deelnemer kan verstaan, sal ek voel die boek het sy doel bereik.

Uiteindelik gaan die boek oor hoop. Nie 'n oppervlakkige optimisme nie, maar die diep vertroue dat ons bestaan ingebed is in God se groter werklikheid. Daaruit kan 'n nuwe manier van leef ontstaan: met nederigheid, verantwoordelikheid en bowenal met verwondering.

Anders dink lei tot anders doen.

Dit is gemeenskap. En ek vermoed dit is nie net wat ons planeet vandag nodig het nie, maar ook wat ons as kerk opnuut moet ontdek.

AU: Waar kan ons die boek in die hande kry?

JB: Die boek is by Naledi beskikbaar: **https://naledi.co.za/product/van-heerskap-na-gemeenskap/**

(Dr André Ungerer is emerituspredikant en leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

Die Advents- en Kersliedere in die VONKK-korpus



Ds Hannes van der Merwe

Daar is geen tyd van die jaar waarin gelowiges én die breër samelewing soveel sing soos in die aanloop tot Kerstyd nie. Al het die Christelike kerk eers in die vierde eeu Kersfees amptelik begin herdenk, en al is Advent nog later in die liturgiese kalender opgeneem, was dit nie vir die vroeë kerk moeilik om musiek vir hierdie tyd te vind nie. Die Kersverhaal is immers reeds vol musiek wat uit die vertellings opklink – engele wat sing, lofliedere van verwagtende moeders en die danklied van 'n nuwe pa.

Kerstyd is tot vandag toe die tyd van die jaar wanneer gelowiges én mense buite die kerk lustig saamsing oor die geboorte van die Kindjie. Dit laat mense nostalgies terugverlang na hul kinderjare en die Kersfeesvierings wat in hul huise plaasgevind het. Ons moet egter onthou dat nuwe generasies elke jaar hul toekomstige herinneringe aan Kersfees vaslê – ook deur die liedere wat hulle in die kerk en tuis sing.

Naas die Advents- en Kersliedere wat in die Liedboek opgeneem is, is daar meer as 140 liedere in dieselfde rubrieke in die VONKK-korpus. Hierdie artikel bied 'n vlugtige oorsig van die skat aan liedere wat liturge en gemeentes daar kan vind om dalk reeds by 2026 se Kerssangdienste en Kersvierings in te sluit. By elke lied is daar ook 'n skakel vir gemeentes wat op Missio ingeteken is.

Liedere van oor die hele wêreld

In byna elke geloofstradisie en wêrelddeel is daar 'n rykdom aan Kersliedere. So vind ons een van die gewildste Kersliedere in **VONKK 385** – *Heilige Nag* (*O Holy Night*). Die lied is van Franse oorsprong en is op 'n stadium selfs deur die Rooms-Katolieke Kerk verban vanweë die omstredenheid rondom die skrywer daarvan. Dit is 'n baie bekende melodie wat maklik deur 'n gemeente gesing kan word, hoewel die omvang daarvan nogal groot is. Soos in die oorspronklike teks word Jesus se geboorte ook in verband gebring met die verbreking van die kettings van sonde wat uiteindelik uit sy menswording sou voortvloei. **https://missio.org.za/songs/vonkk-385/**

'n Baie gewilde lied uit die Skandinawiese wêreld is **VONKK 475**, met 'n melodie wat Emily Köhler in 1898 geskryf het. Die lied gebruik een van die tradisionele indelings van die vier Adventsondae – en baie gemeentes se gebruik om elke Sondag nog 'n kers aan te steek – as grondslag vir die teks. Die titel is: *Kom steek die Kersfeeskerse aan*. Liturgies kan dit só gebruik word dat die gemeente elke Sondag nog een van die verse sing, byvoorbeeld as toetredelied terwyl nog 'n kers in die Adventskrans aangesteek word, en dan die laaste strofe op Kersoggend. **https://missio.org.za/songs/vonkk-475/**

Nog 'n baie bekende melodie is dié van **VONKK 283**. Die lied, *Kom buig in die stal*, geskryf deur Breda Ludick, besing nie net die gebeure van Kersfees nie, maar ook die misterie van die *saamsmelting* van hemel en aarde in hierdie Kindjie. Dit is 'n baie maklike melodie (*Away in a Manger*) wat 'n gemeente dadelik met oorgawe kan saamsing. **https://missio.org.za/songs/vonkk-283/**

In **VONKK 477**, *Het jy geweet, Maria*, vra die gemeente vir Maria wat sy verstaan het van wat tydens daardie eerste Kersfees gebeur het, en of sy later in Jesus se lewe begryp het wat die betekenis van haar Kind se geboorte was. Hierdie melodie (*Mit hjerte altid vanker*) uit Skandinawië is dalk nie vir alle gemeentes ewe maklik singbaar nie, maar nadat 'n solis die eerste strofes gesing het, sal 'n gemeente die laaste strofe gemaklik kan sing. Dit is ook een van die min liedere wat iets van Herodes se kindermoord verwoord. **https://missio.org.za/songs/vonkk-477/**

Die bekende Engelse Kerslied, *It Came upon the Midnight Clear,* het in **VONKK 531** Afrikaanse woorde gekry: *Op daardie donker middernag*. Elke strofe eindig met die eggo van die engele se lied: *Hosanna! Ere aan Hom!* **https://missio.org.za/songs/vonkk-531/**

Nuwe kersliedere uit eie bodem

Naas die bekende liedere van oor die hele wêreld is daar ook 'n hele aantal nuutskeppings uit eie bodem.

Een so 'n lied is die beryming van die Lofsang van Maria, wat ds Dawie Jacobs omgedig het en waarvoor Cecilia van Tonder die melodie geskep het. Ons vind dit in **VONKK 445**: *Kyk die grootheid van die Here*. Die ander weergawes van dié bekende teksgedeelte is nie vir elke gemeente ewe maklik singbaar nie; daarom is hierdie nuutskepping so 'n groot vonds. **https://missio.org.za/songs/vonkk-445/**

Ook in **VONKK 303** is daar 'n pragtige Kerslied deur die sanger Louis Britz: *Hoor die blye tyding*. Die lied kombineer die boodskap wat die engele aan die herders bring met die belydenis in Johannes 1 dat die Woord mens geword en onder ons kom woon het. Dit is 'n sterk melodie wat 'n gemeente maklik sal kan baasraak. **https://missio.org.za/songs/vonkk-303/**

Een van die jongste toevoegings tot die korpus van Kersliedere is **VONKK 541** – *Geen ander ster se lig*. Dit is 'n lied wat probeer verwoord watter verskil Jesus se koms gemaak het en hoe die deurbreek van God se lig met Kersfees die begin van sy onkeerbare lig was. Isabeau Swanepoel het die melodie so onlangs as 2023 gekomponeer. **https://missio.org.za/songs/vonkk-541/**

Aan die een kant is Kersfees 'n tyd wanneer mense met groot nostalgie die bekende Kersliedere wil sing. Die VONKK-korpus bevat heelwat liedere met bekende melodieë wat maklik gesing kan word, maar dit bied gemeentes ook die geleentheid om elke jaar minstens een of twee nuwe liedere aan te leer – liedere wat in die toekoms deel sal word van gemeentes se heelhartige samesang.

(Ds Hannes van der Merwe is leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

40 jaar van Eendracht!

Ds Iwana Kruger

Geen sorge sleep ons meer, want ons is afgetree! **Met dié tong-in-die-kies-woorde is daar tydens die Eendrachtkring se veertigste verjaarsdagviering beslis 'n glimlag op gesigte geplaas. Maar agter die humor lê 'n veel dieper verhaal: dié van 40 jaar se verbondenheid en solidariteit met die Hervormde Kerk. Op 17 September 2026 het die Eendrachtkring by Gemeente Wonderboompoort byeengekom om hierdie besondere mylpaal te vier. Sedert die groep in 1986 in opdrag van die NHSV-hoofbestuur tot stand gekom het, het dit 'n waardevolle ruimte geskep waar emeriti kan saamkuier en mekaar kan aanmoedig en inspireer.**

Onder leiding van mev Kotie Viljoen, voorsitter van die NHSV-hoofbestuur van 1983 tot 1986, is 'n fondament gelê waarop die groep oor vier dekades kon voortbou. Die geskiedenis van die Eendrachtkring is nie bloot 'n verhaal van vergaderings en byeenkomste nie, maar van mense wat mekaar se lewens verryk het. Die ouer predikantspare het immers vir jonger pare 'n voorbeeld gestel en hulle geïnspireer. Dit is 'n nalatenskap wat vandag steeds voortleef, vertel mev Mari-lizé Beukes, die huidige voorsitter van die NHSV.

Ds Kalla Fourie, voorsitter van die Eendrachtkring, het die groep se strewe verwoord om teologies nuut te bly. Mev Mari-lizé Beukes het 'n groeteboodskap gelewer en ds Fanie Naudé het die geleentheid met 'n gedig opgevrolik. Die viering was ook 'n geleentheid vir mev Marita Fourie, die sekretaris van die Eendrachtkring, om opregte dank aan die NHSV uit te spreek vir die ondersteuning wat die groep deur die jare ontvang het, asook om 'n bietjie van die ontstaangeskiedenis van die Eendrachtkring te deel. Die borg van etes vir die twee jaarlikse byeenkomste in Mei en November is 'n voorbeeld van hierdie vennootskap.

In 'n tyd waarin kommunikasie al hoe vinniger verander, het die Eendrachtkring ook aangepas. E-posse en sms'e het lede op hoogte gehou, en in die afgelope paar jaar het ds Wilhelm Steyn 'n WhatsApp-groep gestig om kommunikasie met die lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat verantwoordelikheid neem vir emeriti te vergemaklik. Agter hierdie praktiese reëlings lê baie mense se getroue werk en bereidwilligheid om saam te werk.

Dr Daan van Wyk (jr) het tydens sy opening van die viering die byeenkoms verryk met 'n besondere perspektief op God se koninkryk. Met die bekendstelling van sy boek, *Die Koninkryk van God: Perspektiewe op die aanbrekende Koninkryk*,



het hy herinner aan die waarheid dat God se koninkryk nie bloot 'n verre toekomsverwagting is nie. Hierdie boek is 'n opvolg op dr Daan van Wyk (sr) se laaste boek, *Die Koninkryk van God: Perspektiewe op die eindtyd*. Die aanbrekende Koninkryk is reeds hier en besig om deur te breek. Dalk lê die Eendrachtkring se geheim juis hierin. Aftrede beteken dalk dat sekere verantwoordelikhede verander, maar dit beteken nie dat jou roeping of diensbaarheid ophou nie. Solank mense mekaar bly inspireer en ruimte maak vir nuwe denke, dra ons by tot God se koninkryk.

Veertig jaar later is die boodskap dus duidelik: ons mag met humor sê dat die sorge ons nie meer sleep nie, maar ons is beslis nie klaar met die lewe, die Kerk of mekaar nie. Die Eendrachtkring se volgende hoofstuk wag – met dankbaarheid vir die verlede, entoesiasme vir die hede en hoop vir dit wat nog kom.

(Ds Iwana Kruger is die NHKA-joernalis en leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

Emeritaat-aanvaarding van ds AJ Pienaar



Diaken Mac van Zyl

Wanneer 'n predikant emeriteer, is daar 'n leeftyd se sketse en verhale wat 'n terugblik op sy werksaamhede bied. Dit is inderdaad ook waar van ds Pienaar.

Ds Pienaar behaal sy BD-graad in 1986 aan die Universiteit van Pretoria. Hy word gelegitimeer op 27 November 1986 en op 10 Mei 1987 word hy as predikant van die NHKA georden. Hy doen diensplig te Grootfontein. Vanaf 1989 dien ds Pienaar as predikant op Tarlton en in 2001 ook as deelsorgpredikant vir Tarlton en Roodepoort. In 2005 aanvaar hy die beroep na Gemeente Kruin en is steeds, selfs na sy emeritaataanvaarding op 20 September 2026, daar werksaam.

Ds Pienaar het op verskeie rade en komitees binne die kerk gedien en word wyd erken as een van die meer belese en berese predikante in die Kerk. Die NHKA is opreg dankbaar vir die goeie werk wat ds Pienaar in verskeie gemeentes en in die breër Kerk verrig het.

(Diaken Mac van Zyl is lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering)

Stoepstories: Huldeblyke

Oupa Stoep

Ongedurige Otniël van Omdraaisvlei vra: ***Beste Oupa Stoep, ek kan nie meer nie! Dis nou die hoeveelste roudiens waartydens iemand gevra word om 'n huldeblyk oor die oorledene te lewer, maar dan hou die spreker net nie op praat nie! Die laaste een het twee keer langer as die hele erediens gepraat. Oupa moet help: hoe kry ek dié mense gebriek? Sien, as daar een ding is wat ek nie kan verdra nie, is dit 'n eierbroodjie wat al begin bruin-oranje word en omkrul van die ouderdom...***

Beste Otniël, dis 'n teer puntjie wat jy hier aanraak! Oupa verstaan dat mense baie emosioneel is by roudienste en dat die emosies só die oorhand kry dat 'n mens hulle nie kan keer as hulle eers begin praat nie. Oupa besef ook dat daar werkende mense is wat net 'n uur of twee tot hulle beskikking het om 'n roudiens by te woon. Oupa erken egter ruiterlik dat hy nog nie die goue middeweg kon vind tussen dié met baie woorde en dié met min tyd tot hulle beskikking nie. Die moeilikheid is verder dat die ellelange huldeblyk gewoonlik opgevolg word deur 'n visuele huldeblyk van nog 'n ander halfuur. En jy as predikant sit vasgevang op die kansel en tel maar die ligte in die kerkgebou, soos die gemeentelede doen terwyl jy preek.

Oupa het eendag die roudiens van 'n baie geliefde algemene praktisyn gelei. Die kerkgebou was stampvol en die familie het dit toe goedgedink om enigiemand wat wou, uit te nooi om iets oor die ontslape dokter te kom sê. Ná ruim negentig minute, het daar steeds 'n tou mense gestaan en hulle beurt afgewag om te praat. Die sprekers het letterlik die handmikrofoon se battery pap gepraat, en dit het Oupa toe die geleentheid gegee om die verrigtinge tot 'n halt te roep.

'n Ander les wat Oupa geleer het, was om die mense aan die begin van die diens te vra om asseblief hulle selfone af te skakel. Oupa het dit begin doen nadat iemand 'n werklik roerende huldeblyk gelewer en toe gevra het vir 'n minuut se stilte om voorbidding vir die naasbestaandes te doen. Die gewyde stilte is egter onderbreek deur iemand se selfoon wat begin lui het. Die eienaar van die selfoon was duidelik 'n aanhanger van die popgroep Queen, want sy luitoon het kliphard uitbasuin: *Doef, doef, doef... Another one bites the dust, and another one gone*. Oupa was besig om 'n tonnel onder die kansel deur te grou om van die situasie te ontsnap toe hy hoor hoe almal uitbars van die lag. Die familie was gelukkig geseënd met 'n baie goeie sin vir humor.

'n Kollega van Oupa vertel dat die beste huldeblyk wat hy gehoor het, ook die kortste was. Die oorledene se broer het vorentoe gekom en sy huldeblyk was soos volg: *'n Roos het 'n blom en 'n roos het dorings. Maryna was soos 'n roos. Kom ons onthou die blom en vergeet die dorings. Dankie.*

My liewe Otniël, Oupa het dus nie vir jou raad nie. Die enigste troos wat Oupa jou kan gee, is dat jy naderhand ook die *Diensboek van die Kerk* uit jou kop sal ken, nadat jy dit telkens deurgelees het terwyl die huldeblyke aan die gang is.

Redakteur:	Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie:	Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies:	Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie:	Mev Sarie Roux.
Uitgewer:	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers:	Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.